LEERDER NOMMER	

basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2010 JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGS

GRAAD 5 TAAL: AFRIKAANS

VAN _____ **GESLAG (MERK ☑)** | **SEUN** | **DOGTER** |

NAAM _____ **PROVINSIE** _____

GEBOORTEDATUM _____

SKOOL SE NAAM _____

EMIS NR. _____ **DISTRIK / STREEK** _____

Instruksies aan leerders:

1. **Lees al die instruksies deeglik.**
2. **Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien is.**
3. **Hierdie toets duur 60 minute.**
4. **Jou onderwyser/es gaan jou help om die voorbeeldoefeninge te beantwoord voordat jy die toets begin.**

Voorbeeldoefeninge

Voorbeeld 1

Omkring die letter met die regte antwoord.

Koeie voorsien ons van ...

A. kaas.
B. botter.
C. melk.
D. roomys.

Jy het die vraag reg geantwoord as jy **c** omkring het.

Voorbeeld 2

Die volgende sinne vertel ons hoe om ‘n koppie tee te maak.

Nommer die sinne van 1 tot 3 wat die volgorde, “Hoe om ‘n koppie tee te maak”, sal aandui.

a)	Ek gooi kookwater in die koppie.	**3**
b)	Ek skakel die ketel aan sodat die water kan kook.	**1**
c)	Ek plaas ‘n teesakkie in ‘n koppie.	**2**

Jy het die vraag reg geantwoord as jy die nommers met die **regte volgordes** in die blokkies geskryf het.

Nota:

- In hierdie toets sal jy nog meer van hierdie soort vrae moet beantwoord.
- Probeer jou bes wanneer jy die vrae antwoord en skryf jou beste antwoord neer.
- Gaan voort met die volgende vraag selfs al is jy onseker van jou antwoord.
- Blaai na die volgende bladsy, nadat jy al die vrae op ‘n bladsy geantwoord het.
- As jy voor die tyd klaar is met die toets kan jy teruggaan na die vrae wat jy nie kon antwoord nie.
- Kyk slegs na jou eie werk.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die volgende storie en beantwoord vrae 1 tot 10.

"Joe, verlaat onmiddelik die veld!" skreeu die skeidsregter wat aan die oorkant van die sokkerveld staan. " Jy ken die veiligheidsreëls: Geen spel as jy nie skoene en beenskutte dra nie!" Joe loop van die veld af, en loer nie eers om, om te sien wie na hom staar nie. Hy gaan sit maar net langs langs die veld. Hy het geen belang met wat op die veld aangaan nie.

Woensdag tydens sokkeroefening bly Joe maar by die huis en ontwyk so die ander spanlede. Een persoon wat hy egter nie kan ontwyk nie was sy ouma. Sy probeer uitvind hoekom hy nie soos gewoonlik by die oefening is nie. "Dit dien geen doel nie, Ouma. Die skeidsregters sal my nie toelaat sonder sokkerskoene en beenskutte nie. Dit is sommer net verspotte veiligheidsreëls!" antwoord Joe uit woede en teleurstelling. Ouma gee haar kleinseun 'n groot drukkie en sê niks.

Saterdagoggend sug Joe net en trek al die beddegoed oor sy kop. Hy is hartseer omdat hy nie die sokkeroefening kan bywoon nie. Net toe hoor hy sy deur oopgaan. Ouma herinner hom dat sy span vir hul doelskopper wag. "Ouma, jy weet dat ek nie die volgende wedstryd kan bywoon nie. Hoekom nou moeite doen om te oefen?" sê Joe. Ouma ignoreer sy norsheid en vra hom om sy oë toe te maak en sy hande uit te steek. Hy voel 'n swaar pakkie wat in sy hande geplaas word. Hy maak dit onmiddelik oop en 'n splinternuwe paar sokkerskoene loer vir hom.

Joe pas hulle dadelik aan en vra, "Ouma, waar kom die geld vir hierdie skoene vandaan? Het Ouma, Ouma se pensioengeldjies gebruik?" "Nee my kind", antwoord sy. "Ouma is 'n wyse ou vrou. Ek het 'n gedeelte van my pensioengeld elke maand in 'n spaarrekening gespaar. Die bank het my geld veilig gehou en somtyds geld bygevoeg, wat rente genoem word. Dit is die bank se manier om dankie te sê dat ek my geld by hul gespaar het" verduidelik Ouma "Dankie Ouma! Jy is wonderlik!"

Aangepas vanaf: Spaar vir 'n beter môre: 'n Spaar veldtog vir Laerskole. ABSA 2009

1. Merk ☑ die regte woord in hakies.

Joe was **(bly / ongelukkig / moeg)** omdat hy nie toegelaat was tot die oefening nie. (1)

2. Skryf ‘n uitdrukking/ sin uit die storie om die emosie (gevoel) in vraag 1 te beskryf.

(1)

_____

3. Oorsaak en gevolg beteken dat as jy een ding doen, dit iets anders sal laat gebeur.

Voorbeeld:

Oorsaak: Jy leer nie jou skoolwerk nie.

Gevolg: Jy gaan aan die einde van die jaar druip.

Skryf in elke geval ‘n oorsaak neer van die gevolg wat gegee word.

3.1 Oorsaak: _____ (1)

Gevolg: Joe was nie toegelaat tot die sokkeroefening nie.

3.2 Oorsaak: _____ (1)

Gevolg: Ouma kon sokkerskoene vir Joe koop.

4. Die volgende sinne handel oor gebeure in die storie.

Nommer die sinne van 1 tot 4, in die blokkies, om die volgorde van die gebeure aan te dui.

a)	Hy het nie sokkerskoene nie.	
b)	Ouma koop vir hom sokkerskoene.	
c)	Die skeidsregter stuur Joe van die veld af.	
d)	Hy bly tuis.	

(2)

5. Drie (3) woorde is verkeerd gespel in die onderstaande sin.

Vind die woorde en skryf hul regoor.

"Oma, ek is dankbaar oor die gelt." Ek het dit baja nodig.

_____

_____

(3)

6. Vul die ontbrekende voorsetsels in.

6.1 Joe was ongelukkig omdat hy nie _____ die veld is nie. (1)

6.2 Hy het nie geld _____die bank nie. (1)

7. Sommige Afrikaanse woorde word met koppeltekens, deeltekens en kappies geskryf. Kies die regte spelling vir elke <u>onderstreepte</u> woord van die woorde in hakies. Omkring die regte woord.

7.1 Die <u>sker</u> is stomp. (**sker, skêr, skër**) (1)

7.2 Ons het koekies <u>geeet</u>.

(**ge-eet ; ge eet; geëet**) (1)

8. Omkring die letter met die regte antwoord.

Kies die beste naam vir die storie.

A) Pret op die sokkerveld.

B) Joe en die sokkerspan.

C) Ouma se skoene.

D) Ouma se spaargeheim. (1)

9. Pas elke paragraaf in kolom A met die moontlike paragraaf titels in kolom B. Skryf die letter langs die nommer van die paragraaf neer.

Kolom A	Kolom B
9.1 Paragraaf 1	(a) Joe kry nuwe sokkerskoene.
9.2 Paragraaf 2	(b) Joe word van die veld afgestuur.
9.3 Paragraaf 3	(c) Ouma koop skoene.
9.4 Paragraaf 4	(d) Joe mis 'n sokkeroefening.
	(e) Ouma se spaargeld help Joe.

(4)

9.1 _____ **9.2** _____ **9.3** _____ **9.4** _____

10. Gee 'n teenoorgestelde woord vir elke onderstreepte woord.

10.1 Joe het onder die tafel <u>ingekruip</u>. _____ (1)

10.2 Hy was <u>eerste</u> op die sokkerveld. _____ (1)

10.3 Joe was <u>dankbaar</u> vir die skoene. _____ (1)

Gebruik die onderstaande TV Bylae om vrae 11 tot 14 te beantwoord:

Saterdag 25 April	■ Fliek; ☐ Dokumentêr; ® Herhaling	
SABC 1	**SABC 2**	**SABC 3**
05:00 Learning channel	® ☐ **05:00** Grant se Blaasorkes	■ **05:30** Delilah en Julius
06:00 Verander jou wêreld	® **06:00** Thabang, Thabong	**06:00** Rat Race
07:00 YO.TV Groot Ontbyt	**06:30** Bestemming SA	® **06:30** Toor met kos
® **07:30** Care Bears	**07:00** Naweek lewendig	■ **07:00** Shaadi Se Pehle
08:00 Caillou	**08:00** DIY Met Riaan	■ **10:00** The Island
® **08:30** YO.TV Groot Ontbyt	**09:00** House Call	® **12:30** Oprah
® **10:00** Generations	**10:00** Takalani Sesame	
12:30 Imizwilili	☐ **10:30** Wêreld godsdienste	

11. Op watter kanaal wys *Generations*? _____ (1)

12. Hoe laat eindig *House Call*? _____ (1)

13. Omkring die regte antwoord.

In ‘n TV bylae, beteken die woord ***Herhaling*** dat die program…

A. vir die laaste keer gewys word.

B. vir die eerste keer gewys word.

C. reeds voorheen gewys is.

D. daagliks gewys word. (1)

14. Kies die langste program: *Takalani Sesame* of *Learning Channel*? _____ (1)

Gee ‘n rede vir jou antwoord.

_____ (1)

15. Skryf die volgende sin in die toekomstige tyd oor.

Pieter ry na Mpumalanga toe.

_____ (1)

16. Skryf die volgende sin in die teenwoordige tyd oor.

Die bus het die bushalte verlaat.

_____ (1)

17. Skryf die volgende sin in die verlede tyd oor.

Lulu groet hulle vriendelik.

_____ (1)

18. Skryf ‘n kort paragraaf van vyf (5) sinne oor hoe jy jou gunsteling sport beoefen. Onthou om goeie taal en korrekte spelreëls te gebruik.

(5)

19. Lees die onderstaande uitnodigingskaartjie en gebruik die formaat om vir Wim te beantwoord.

Liewe Johan,

Kom asseblief na my verjaarsdagpartytjie. Ons gaan na 'n video van die finale Wêreldbekersokker kyk.

Wanneer: Saterdag, 30 Oktober 2010
Waar: By ons skoolsaal
Tyd: 14:00

Bring 'n maat saam.

Hoop ek sien sien jou daar.

Jou maat

Wim

Beste Wim,
Dankie vir
Ek is jammer, maar
omdat
Jou maat Johan

(5)

Einde van hierdie toets.
Dankie!